

23 Augustus

Vind innerlike rus deur voor God klein te wees!

Skrifgedeelte: 2 Samuel 16:5-14; Psalm 131

Fokusgedeelte: Psalm 131:2 (1953-vertaling)

Alle mense wil graag gelukkig wees. 'n Groot deel van hierdie geluk word beskryf deur die woorde “rus” en “kalmte” waarvan ons in Psalm 131 lees.

Indien u ook na hierdie innerlike rus en kalmte op soek is, mag u by voorbaat weet: Dit is beskikbaar, en God wil dit graag vir u gee. Aan die kruis het Jesus dit reeds vir u berei. Maak nou ook seker dat u die regte roete volg wanneer u op reis gaan om hierdie kosbare skat te gaan opeis!

Weer eens lê die geheim nie in menslike groot-wees nie. Inteendeel! Kyk maar net na die insident met Simeï as u wil sien hoe Dawid selfverloënd op die Here gewag het, en daarom ook sy vernedering in God se hande kon lê.

Ons sou kon sê dat Dawid sy vernedering gelowig aan God oorgee ... in die verwagting dat Hy dit vir hom in 'n wins sal omskep (Rom 8:28). Die gesindheid wat hiervoor nodig is, is dié van 'n gespeende kind. Anders as die kind wat nog gesoog word, het die gespeende kind geleer om sy moeder te vertrou. Hy het geleer dat die moeder sy behoeftes beter ken as hyself. Daarom kan hy hom onbevange aan die avontuur van kind-wees wy, terwyl die moeder se liefde oor hom waak, en die waarborg is dat “niks hom sal ontbreek nie”.

Begryp u nou meer van Dawid se diep, innerlike rus? Begryp u meer van die vrede wat God graag ook vir u as verbondskind wil gee? Wees u maar net vir die Here 'n gehoorsame kind. Vertrou u Vader soos die gespeende kind sy moeder vertrou. Dan sal u met verwondering ervaar hoe Hy in die oortreffende trap vir u alles doen wat van Hom as troue Vader en Verbondshoof verwag word!

Sing: Psalm 131:1, 2, 3 (melodie Ps 134)

Ds. JJ Cloete (Koster)